

## 'n VREUGDELIED TE MIDDE VAN DUISTERNIS

## LEES Markus 14: 22 – 26 saam

22 *Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir hulle gegee met die woorde: "Neem dit, dit is my liggaam."*

23 *Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.*

24 *Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word.*

25 *Dit verseker Ek julle: Ek sal nie weer wyn drink nie tot op daardie dag wanneer Ek die nuwe wyn in die koninkryk van God sal drink."*

26 ***Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.***

1. **DEEL MET MEKAAR:** Wat staan vir jou uit/ spreek jou aan in hierdie gedeelte?
2. **GAAN KYK IN DIE BYBEL EN BESPREEK:** Wat het voor hierdie gebeure plaasgevind, en wat daarna?
3. **BESPREEK:** Wat dink julle (na aanleiding van vers 26): Was hierdie regtig 'n lofsang? Dis nie dalk verkeerd vertaal / daar moes eintlik "klaaglied" of "treurlied" gestaan het nie? (*Nee, dis nie verkeerd vertaal nie. Die woord wat hier gebruik word, dui op "Hallel", wat "lof, prys, hardop sing" beteken*).
4. **AS GROEP:** Gaan kyk na een of 2 van die "Hallel" - psalms (113-118) om 'n idee te kry waaroor dit gaan/ hoe hierdie lofsang van vers 26 se inhoud gelyk het.
5. **DEEL MET MEKAAR** 'n paar sake uit die Hallel-psalms waarvoor die Here spesifiek geloof en geprys word.
6. **BESPREEK:** hoe kon Jesus en die dissipels dit regkry om 'n loflied te sing ten spyte van moeilike omstandighede?
7. **DEEL MET MEKAAR:** Sou jy (soos in vers 26 staan) 'n lofsang kon sing as jy midde-in die gebeure was wat voor en ná bogenoemde verse afgespeel het? Hoekom nie?
8. **HELP MEKAAR:** hoe kan ons in die vervolg makliker onthou / ander in die vervolg help om in moeilike situasies eerder 'n lofsang te sing ipv beangs / hooploos te wees?
9. **BID SAAM**